

12 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 13:24-30, 36-43

Fokusgedeelte: Matteus 13:29, 41

Waarom is die Bose nog nie vernietig nie?

In hierdie gelykenis gee Jesus vir ons die antwoord waarom die bese nog nie vernietig word nie. Die goeie saad wat Christus in sy koninkryk saai, is die gelowiges. Maar 'n skokkende feit is dat die duivel ook saai. In die nag saai hy onkruid tussen die koring. Die slawe wou die onkruid gaan uittrek. Dan sê die eienaar: Nee, ter wille van die koring moet die onkruid nie nou uitgetrek word nie. Die onkruid verwys na die dolik-plant wat in 'n vroeë stadium na koring lyk. Dit kon gebeur dat jy koring uittrek in plaas van onkruid.

Wat leer Jesus ons deur hierdie gelykenis?

- Al wil ons hê dat die Here die goddeloses as onkruid moet uittrek, is dit ter wille van die koring/gelowiges nie nou moontlik nie. As ons ly as gevolg van mense se sondes, en reg en geregtigheid nie geskied nie, dan troos die Here ons dat daar wel 'n dag kom wanneer die onkruid en die koring geskei sal word.
- Omdat Satan nog 'n werklikheid is, mag ons nie leef asof die duivel nie bestaan nie. Ons moet hom daagliks bestry.
- Jesus leer ons om geduld te hê. Dis tot jou eie beswil dat hierdie stryd teen die bese nodig is. Al lyk ons dalk nou soos onkruid, word ons nie dadelik uitgetrek nie. Hy is geduldig en laat ons groei tot volwaardige koringplante wat vol in die aar staan. Daarom moet ons geduld hê met ongelowiges en nie oordeel nie, want hulle kan nog tot bekering kom. Wat na onkruid lyk, mag dalk koring wees.

Die Here gee nog genadetyd vir bekering. Hou moed en wees geduldig. Stry daagliks die stryd teen die bese. Dis nie meer lank nie, dan word die onkruid tussen ons verwyder.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Ds. MAF Kruger (Alberton)